


# Waarom alles op risiko plaas?

Boedelbeplanning en boedeladministrasie is spesialis-aktiwiteite. Moenie jou naasbestaandes se welstand ná jou dood op die spel plaas deur jou testament te laat opstel deur iemand wat nie behoorlik opgelei is nie.

Dit is 'n nimmereindigende bron van verbasing dat so baie mense staatmaak op onopgeleide raadgewers wanneer hulle hul testamente opstel, waarskynlik een van die belangrikste dokumente wat hulle ooit gaan teken.

Dit is nie 'n nuwerwetse neiging nie. Reeds sowat 60 jaar gelede in die Kock-saak het 'n Hooggeregshof sy kommer uitgespreek oor die aantal testamente wat as ongeldig verwerp word weens 'n gebrek aan die nakoming van die voorgeskrewe formaliteite. Ook oor die aantal kere wat die howe genader word om swak opgestelde testamente te vertolk.

Voornemende testateurs word in hul eie belang, asook in die belang van diegene wat hulle wil bevoordeel wanneer hulle sterf, aangemoedig om slegs met diegene te konsulteer wat genoegsaam opgelei is in die opstel en die uitvoering van testamente.

Ondanks hierdie waarskuwings word daar steeds te gereeld op die howe 'n beroep gedoen om in te gryp met betwiste testamente, wat die regstreekse gevolg is van swak opgestelde testamente en onbevoegde advies.

Bogenoemde opmerking is nie wat ék sê nie. Dit is is 'n uittreksel (vry vertaal) uit 'n onlangse Appèlhof-uitspraak. Die feit dat die geleerde appèlregter bevestig wat ek al lank in my rubrieke skryf, is bloot toevallig.

Wat my stom laat, is hoe iemand wat sy hele werkende lewe van veertig, vyftig jaar lank swoeg en sweet om bates bymekaar te maak en op 'n verantwoordelike manier vir sy naasbestaandes sorg en vorentoe wil sorg, bereid is om alles op 'n dobbelwiel te gaan plaas wanneer hy sterf. Dit is presies wat jy doen as jy jou beroep op half-opgeleide en in baie gevalle onopgeleide, self-aangestelde testament-opstellers en eksekuteurs om jou oor jou boedelsake te adviseer of jou boedel ná jou dood te administreer.

Laat ek dit uitspel: Die feit dat hy saam met jou by die gholfklub se negentiende putjie kuier of vir jou 'n kontrak of twee kan opstel of jou belastingopgawe elke jaar indien of 'n polis aan jou verkoop, maak hom nie 'n fidusière kenner nie. Boedelbeplanning en boedeladministrasie is spesialis-aktiwiteite. 'n Voorgraadse kursus is bloot nie goed genoeg in hierdie hoogs gespesialiseerde wêreld van vandag nie.

In die bogemelde saak is die oorledene se testament deur 'n makelaar opgestel. Die wetsvereiste dat die testateur se handtekening in die teenwoordigheid van twee getuies aangebring moet word, is nie nagekom nie. Die makelaar het eers later van sy werknemers aangesê om as "getuies" te teken. Nie net is dit onreëlmatig nie, dit skep ook ruimte vir gegriefde naasbestaandes om die testament te betwis.

**Baie testamente word opgestel sonder om die regsgevolge en potensiële belastingprobleme rondom vruggebruik ten volle te verstaan.**

Belangriker nog in hierdie saak uit die oogpunt van boere is die kwessie van vruggebruike. Baie testamente vir boere word opgestel met 'n vruggebruik aan die langslewende gade – in baie gevalle, meen ek, sonder om die regsgevolge en potensiële belastingprobleme rondom vruggebruike ten volle te verstaan.

Soos blyk uit die genoemde hofsaak, had die opsteller van daardie testament klaarblyklik ook net 'n vae begrip van die term "vruggebruik". Daar is, byvoorbeeld, nêrens 'n aanduiding in die testament gegee oor wie die uiteindelike bate moet erf nie. 'n Vruggebruik is 'n reg op die gebruik van 'n ding, iemand anders besit dié ding. Maar wie dit is, is uit die testament weggelaat.

En 'n mens kan dink dat sulke swak werk enige gegriefde die geleentheid sal laat aangryp om hom of haar op 'n hof te beroep.

Ek kan baie keer maar net in my mou lag as ek na al die slimstories luister. Een bekende radiokommentator raai selfs mense aan om by die boekwinkel 'n testament te gaan koop, want só bespaar jy 'n paar rand. Of dat jy jou vrou (of seun, of vriend) moet aanstel as eksekuteur en dat sy dan na 'n "winskopie-eksekuteur" moet soek om die boedel af te handel.

En dit is hoekom ons hofsake kry soos hierbo, waar 'n hof – teen groot koste – moet beslis of die testament geldig is, ongeag die ongerymdheid met die ondertekening daarvan. En het die testateur bedoel sy vrou moet net die vruggebruik kry of die hele bate, want niemand is dan aangewys as erfgenaam van daardie bate nie? Of het die testateur dalk nie 'n vruggebruik nie, maar 'n *fideicommissum* (die bate bemaak aan iemand onderworpe aan die verpligting om dit aan 'n ander te bemaak) bedoel. Of was dit dalk 'n ander beperkte reg?

As 'n hof moet besluit wat jy eintlik in jou testament bedoel het, gaan hy, sonder dat jy daar is om te verduidelik, eers kyk wat staan in die testament geskryf en daarna kan hy selfs getuies roep om hom met die interpretasie te help.

Dis 'n duur, omslagtige en onnodige proses. Hoekom nie maar van die begin af 'n kenner raadpleeg en sy professionele diensgeld betaal nie en weet dat jou bates waarvoor jý gewerk het, verdeel sal word soos wat jý wil aan erfgename wie jý wil?

Jou testament is 'n regsdokument met regsbegrippe waaraan daar ingevolge die reg betekenis aan gegee moet word. Ongelukkig dalk nie noodwendig soos wat jy wil nie, maar op wat daar staan.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com****.*